



Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

18 NOVEMBER 2018

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)

021 975 1044 (jeugkantoor)

021 910 3900 (feesmark)

021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za

navrae@stellenberg.co.za

GEMEENTEBULLETIN

EREDIENSTE

OGGENDDIENS

Ek stel jou aan.
Jeremia 1:1-10

JEUGDIENS

Vriende of Vyande?
1 Johannes 1:7

DEURKOLLEKTE

BADISA

Die Badisa Trio is 'n diens van Badisa en is die enigste geregistreerde kinderbeskermingsdiens vir die noordelike voorstede van Kaapstad. Ons lewer verskeie dienste aan sowat 10 000 persone elke jaar. Alhoewel ons 'n subsidie van die staat ontvangs, dek dit slegs 80% van ons koste.

18 November

25 November

09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Visagie (Dooop)	1/3	Ds. Breytenbach	4
09:00	Kleinsaal	Gesinsdiens	Ds. Duvenhage	7/8	Ds. Potgieter	9
09:00	Kapel	Meditatief	Philipp Dietmann	-	Ds. Duvenhage	-
18:00	Kerk	Jeugdiens	Ds. Breytenbach	-	Ds. Peter Kotze	-
19:00	Kapel	Kruisdiens	Ds. Visagie	12	Ds. Breytenbach	13

BEDANKING: DS. PETER KOTZE

Ds. Peter Kotze, jeugleraar, het bedank en sal Stellenberg-gemeente se diens teen einde Desember 2018 verlaat. Peter rig die volgende boodskap aan die gemeente:

Dankie vir die geleentheid om die laaste twee en 'n half jaar hier te kon leef, leer en bedien. Dit was 'n voorreg om deel te kon wees van die gemeente se visie en ons het in hierdie tyd vir baie mense lief geword. Elkeen se ondersteuning, omgee en liefde was vir ons kosbaar. Daarom was dit 'n groot worsteling vir my en vir ons as paartjie, om ons tyd hier te beëindig, maar na baie gebed het ek besluit om te bedank. Dit is hartseer om mense te verlaat wat diep in ons harte gekruip het, maar dit is ook 'n tyd van opgewondenheid en ons sien uit na die roeping wat God vir ons voorhou. Vir eers gaan ek verder studeer. Dankie aan my kollegas, die jeugkantoor en jeugkommissie, kerkraad, lidmate, en veral elke tiener wat deel van ons lewens geword het. Mag die Here die gemeente seën op julle pad vorentoe en mag julle aanhou om oor alle grense heen uit te reik!

Groete en seën, ds. Peter en Chané Kotze.

JEUGDAGBOEK

- JEUGDIENS: Begin om 18:00 met kleingroepe na die diens.
- SENIORKLEINGROEOPLEIERS: Ontmoet om 17:30.
- ANNIBRAND KLEINGROEPE: Vir jong volwassenes, kom op Woensdae om 18:30 bymekaar. Kontak jeugkantoor vir info.
- BLISS: Groep vir jong volwassenes kom Sondag 16:45 bymekaar, en ander selgroepe Woensdagaande 18:30. Kontak die jeugkantoor vir meer info.
- JEUG-APP: Gaan na die *Google Play Store* of *Apple Store* en soek “Stellenberg”. Laai af en geniet!
- DELFT-UITREIK: Elke Donderdag direk na skool om 14:30.
- GRAAD 8-KAMP: Inskrywingsvorms is op www.stellenberg.co.za beskikbaar of skryf in via die Jeug-app.

KERSFEES VIR MINDERBEVOORREGTES

• Ruyterwacht Senior Sentrum

Ons wil graag die Ruyterwacht Senior Sentrum ondersteun met die Kerspakkies wat hulle vir hulle lede saamstel. Hulle benodig 260 boksies met wigkasies en 260 pakke malvalekkers. Produkte kan voor of op 26 November by die kerkkantoor afgegee word.

• Kerse te by Klipheuwel

Indien jy graag betrokke wil raak by die Kerse te wat jaarliks op Kersdag aan inwoners van die informele nedersetting in Klipheuwel aangebied word, kontak asb. vir Ingrid Botha by 082 574 1544 of ingbot59@gmail.com.

DOOP VANDAG

Dewaldt en Nické Duvenage, De Gravestr. 10, Pinehurst, laat doop vir Nixon Duvenage.

KLEINGROEPE VANDAG

Graad 1-3 Kleinsaal

Graad 4: Bover trek

Graad 5 & 6: Kerk

Graad 7: Jeuglokaal

Graad 8: Grootaal

Graad 9: Jeuglokaal

Graad 10: Kerk

Graad 11: Kleinsaal

GEMEENTEKAMP

Almal wat plek bespreek het om vanaf 30 November tot 2 Desember saam te gaan kampeer, ontmoet op 18 November om 10:00 in die kapel om finale reëlings te bespreek. Kontak ds. René Potgieter met navrae by rene@stellenberg.co.za of 079 893 8104.

BASAARKOMITEE

Ons is besig om 'n basaarkomitee saam te stel vir die aanbied van die geleentheid in 2019. Indien jy 'n bydrae wil lewer deur op die komitee te dien en die Here dit op jou hart lê om by dié gemeenteprojek betrokke te raak, kontak asseblief vir Christine Morsbach (082 353 9917) of Callie Visagie (072 385 4368) teen 19 November.

VATVYF

Kersafsluiting op Woensdag 28 November om 12:00 in die kleinsaal. Neem asb. kennis dat die datum verskuif het na 28 November. Kom geniet 'n heerlike driegangmiddagete met 'n kort Kersprogram. Koste R30 per persoon. Bespreek asseblief jou plek by Karin 021 976 4519 teen 23 November.

VUL VAN VAKANTE LERAARSPOS

Die kerkraad het op Woensdag 14 November ds. Peter Kotze se bedanking in ontvangs geneem. Die proses sal soos volg verloop:

- 2 Des: Afskeidsgeleentheid vir ds. Kotze by die jeugdiens, 19:00.
- 2 en 9 Des: Afskeidsgeleenthede by die gesinsdiens en in die kerk om 09:00.

Die kerkraad het besluit om die vakature so gou moontlik te vul. 'n Pre-advies-kommissie is deur die kerkraad aangestel wat die kerkraad sal begelei in die aanstelling van 'n nuwe leraar.

- Die pre-advies-kommissie vergader op Maandag 19 November.
- Inligting oor die nominasiesproses van kandidate sal op Sondag 25 November aan lidmate bekend gemaak word.
- 'n Spesiale kerkraadsvergadering word op 30 Januarie 2019 vir die uitbring van 'n beroep gehou.
- Die teikendatum vir indiensneming van die nuwe jeugleraar is D.V. 1 April 2019.

Reëlins is reeds deur die predikantespan, jeugkantoor en jeugkommissie getref sodat alle jeugaktiwiteite, veral in die eerste kwartaal van 2019, ongestoord sal voortgaan.

EDELWEISS

NAGMAAL

Sondag 18 November om
17:30: Heb 9:24-28
Jesus, ons volkome Offer

BYBELSTUDIE

Donderdag 22 November
om 15:00 en 15:45 uit
Handelinge 27: Paulus se
stormagtige reis na Rome

HUISBYEENKOMS

Sondag 25 Nov. 18:00

Psalm 146:

Prys die Here vir sy
goedheid!

BREIGROEP

Die breigroep kom weer op
Maandag 3 Desember
byeen. Ons gaan saam
ontbyt eet. Kontak vir Ria
by 083 519 0603 vir
verdere besonderhede.

TIENDEMAANDINSAMELING

- Met die oog op die tiendemaandinsameling dié maand versoek ons dat jy biddend sal oorweeg om 'n bydrae tot die spesiale insameling te maak. Die tiendemaandbydraes is onontbeerlik vir die voortsetting van gemeentewerk.
- Bring jou tiendemaandbydrae, of bewys van die bydrae, saam na die erediens toe en in ruil daarvoor kan jy 'n spekboompie ontvang. Daar is 'n beperkte hoeveelheid spekboompies, neem asb. net een per gesin. Spekboompies sal in Januarie 2019 gereed wees om uitgeplant te word.

Jeremia 17:8 "So iemand is soos 'n boom wat by water geplant is en sy wortels na die stroom toe uitstoot, nie die hitte voel as dit kom nie en altyd groen blare het; 'n droë jaar raak hom nie en hy hou nie op om vrugte te dra nie."

MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van Daniël Johannes (Danie) Immelman, gebore 09/03/1940 en oorlede op 19/11/2018. Danie was sedert 1997 'n lidmaat van die gemeente. Sy roudiens word op Maandag 19 November om 10:00 in die kerk gehou. Ons opregte meegevoel met Lona, sy vrou, Vygeboom-aftreeoord en kinders wat hy agterlaat.

DIE SENTRUM VIR PUBLIEKE GETUIENIS BIED AAN

Bespreking oor die Indlulamithi Scenario 2030: Hoe gaan S.A. teen 2030 lyk?

Paneel: Marius Oosthuizen (GIBS UP), André Roux (Instituut vir toekomsnavorsing, US), Braam Hanekom (gespreksleier).

22 November om 08:30 by NG Kerk Stellenberg

Registreer asb. voor Dinsdag 20 November by

Riana spg@kaapkerk.co.za/021 957 7100. Koste R100 p.p. betaalbaar by deure. Ontbyt word eers bedien en die bespreking begin stiptelik 10:30.

GEBEDSGROEPE

Maandag 09:15

Vrouebiduur in die gebedskamer.

Dinsdag 18:30

Gebedsbyeenkoms in die gebedskamer.

Donderdag 06:00

Gebedsbyeenkoms vir mans in die markplein.

NUUT IN DIE GEMEENTE

Indien jy nuut by die gemeente ingeskakel het, kontak ons asseblief. Ons wil jou graag persoonlik ontmoet. Jy kan na die oggenddienste by die inligtingstoonbank aanmeld, of stuur 'n e-pos aan odette@stellenberg.co.za, of gesels na die diens met die prediker.